# DIE VOORTREKKERS

# LIDMAATSKAPSBROSJURE

**JANUARIE 2026**

# INHOUDSOPGAWE

Inhoudsopgawe.......... 2

1. Inleiding .......... 4

2. Verwysings .......... 4

3. Lidmaatskap .......... 5

4. Aansoek om lidmaatskap as ’n jeuglid.......... 5

5. Aansoek om lidmaatskap as volwasse lid .......... 6

6. Probleem met lidmaatskap.......... 7

7. Verantwoordelikheid na registrasie .......... 7

8. Begronding van Die Voortrekkers.......... 8

8.1. Die grondslag .......... 8

8.2. Wese .......... 8

8.3. Doelstellings .......... 8

8.4. Die Voortrekkerkode .......... 8

8.5. Beloftes .......... 9

(a) Penkoppe en Drawwertjies (leerlinge in graad 0 tot 7) .......... 9

(b) Verkenners (leerlinge in graad 8 tot 12) .......... 9

(c) Staatmakers (volwassenes tussen 18 en 28 jaar) .......... 9

(d) Offisiere (volwassenes wat as spanoffisiere dienslewer of op besture dien)....... 9

(e) Heemraadslede (ouers en ander volwassenes wat spanne en besture bystaan) 10

9. Registrasiegelde .......... 10

10. Gedragskode vir Die Voortrekkers .......... 11

10.1. Vereenselwig met Die Voortrekkers se begronding.......... 11

10.2. Eerbiedig die Voortrekkers se grondwet, reglemente en prosedures .......... 11

10.3. Respek vir ander.......... 11

10.4. Eerbiedig ander en simbole .......... 12

10.5. Tree onberispelike op .......... 12

10.6. Politiek en kerk ..... 14
10.7. Dissipline ..... 14
10.8. Opleiding ..... 14
10.9. Beeld van Die Voortrekkers in die openbaar ..... 15
10.10. Uitnemende leierskap ..... 16
10.11. Kreatiwiteit ..... 16
10.12. Verantwoordelikheid ..... 16
11. Dissiplinêre optrede ..... 16
12. Beëindiging van lidmaatskap ..... 17
13. Aktiwiteite en toekennings aan jeuglede ..... 18
14. Ouers en wettige voogde van jeuglede se verantwoordelikheid ..... 19
15. Aktiwiteite en toekennings aan volwasse lede ..... 20
16. Opleiding vir volwassenes ..... 21
17. Toerusting en terreine ..... 21
18. Vervoer ..... 22
19. Beserings, siektes en vrywaring ..... 22
20. Beeldmateriaal ..... 23
21. Verklaring deur die ouer of wettige voog op registrasie van 'n jeuglid ..... 23
22. Verklaring deur volwasse lid ..... 25

# 1. INLEIDING

1.1. Die Voortrekkers is ’n outonome kultuurbeweging met sy eie grondslag, wese, kernwaardes en doelstellings, en funksioneer tans in Suid-Afrika en Namibië.

1.2. In hierdie lidmaatskapsbrosjure word die kernbeginsels van lidmaatskap en deelname aan Voortrekkeraktiwiteite opgeneem.

1.3. Alle lede van Die Voortrekkers asook alle ander persone wat vrywillig aan die aktiwiteite van Die Voortrekkers deelneem, is onderhewig aan die bepalings van Die Voortrekkers se grondwet, reglemente, standaardprosedures en ander beleidsdokumente wat vir die goeie organisasie van die Beweging opgestel word.

1.4. Die voertaal van Die Voortrekkers is Afrikaans.

# 2. VERWYSINGS

2.1. Die Voortrekkers is onderhewig aan die bepalings van die grondwet, wette en regulasies binne die land waarin Die Voortrekkers funksioneer.

2.2. Die Voortrekkers is in Suid-Afrika by die Departement vir Sosiale Ontwikkeling geregistreer as ’n organisasie sonder winsoogmerk.

2.3. “Die Voortrekkers” is as handelsmerk binne Suid-Afrika geregistreer ingevolge die bepalings van die Wet op Handelsmerke, no. 194 van 1993.

2.4. Die grondwet van Die Voortrekkers word vierjaarliks deur die kongres van Die Voortrekkers goedgekeur en alle lede is onderhewig aan die bepalings hiervan.

2.5. In die grondwet van Die Voortrekkers word die hoofbestuur gemagtig om reglemente uit te vaardig om die Beweging behoorlik te organiseer en alle lede is onderhewig aan die bepalings hiervan. Die reglemente word jaarliks hersien soos nodig.

2.6. Die hoofbestuur magtig die hoofdagbestuur om nasionale prosedures op te stel en alle lede is onderhewig aan die bepalings hiervan.

2.7. Die betrokke gebied, oord, kommando of spesifieke aktiwiteit waarin die lid van tyd tot tyd funksioneer, stel bykomende prosedures en/of reëls beskikbaar vir doeltreffende funksionering, maar dit is altyd onderhewig aan die bepalings van bogenoemde dokumente.

## 3. LIDMAATSKAP

3.1. Die Voortrekkers bied lidmaatskap vir jeuglede en volwasse lede.

3.2. In die geval van voornemende jeuglede moet die jeuglid se ouer of wettige voog hom vergewis van die grondslag, wese en doelstellings van Die Voortrekkers en skriftelik toestemming gee dat die jeuglid daaraan blootgestel word.

3.3. In die geval van lidmaatskap van Offisiere, Staatmakers, Heemraadslede en Jeugvriende moet 'n voornemende lid:

(a) die grondslag, wese en doelstellings van Die Voortrekkers onderskryf en uitleef;

(b) 'n lidmaat wees van 'n aanvaarde Christelike kerk soos hierna omskryf.

3.4. Met "aanvaarde Christelike kerk" bedoel Die Voortrekkers dat dit 'n gemeenskap is van Christene wat die algemene belydenisse van die algemene Christelike kerke onderskryf, in die Drie-enige God glo, Jesus Christus as die enigste Verlos- ser en Saligmaker bely en die Bybel as die enigste geïnspireerde en onfeilbare Woord van God aanvaar.

3.5. Voornemende jeuglede se ouer of wettige voog en voornemende volwasse lede moet die inhoud van hierdie lidmaatskapsbrosjure behoorlik nagaan, en die inhoud daarvan aanvaar, alvorens aansoek om lidmaatskap gedoen word.

3.6. Jeuglede word deel van Die Voortrekkers as Ontdekkers, Penkoppe, Drawwertjies en Verkenners soos in die reglement oor lidmaatskap omskryf.

3.7. Volwasse lede word deel van Die Voortrekkers as Staatmakers, Offisiere, Heemraadslede, Jeugvriende, Erelede, en Beskermhere of -vroue soos in die reglement oor lidmaatskap omskryf.

3.8. Alle aansoeke om lidmaatskap word volgens die bepalings in die reglement oor lidmaatskap hanteer.

## 4. AANSOEK OM LIDMAATSKAP AS 'N JEUGLID

4.1. Nadat die ouer of wettige voog tevrede is dat hy die grondslag, wese en doelstellings van Die Voortrekkers verstaan en inhoud van hierdie lidmaatskapsbrosjure begryp, en aanvaar dat sy kind hiervolgens aan die aktiwiteite van Die Voortrek-

kers mag deelneem, word die betrokke registrasievorm ingevul en 'n spesifieke Voortrekkerkommando (of los Veldkornetskap) gekies om by aan te sluit.

4.2. Indien die kommandodagbestuur van die betrokke Voortrekkerkommando die registrasie aanvaar word die kind toegelaat om aan die plaaslike aktiwiteite van die Voortrekkerkommando deel te neem. Die persoon word dan by Die Voortrekkers as lid geregistreer.

4.3. Na registrasie as lid van Die Voortrekkers moet 'n lid die bepalings in paragraaf 7 van hierdie brosjure nakom.

4.4. Aan die begin van die jaar moet 'n jeuglid herregistreer ten einde voortsetting van sy lidmaatskap vir die jaar te verkry.

## 5. AANSOEK OM LIDMAATSKAP AS VOLWASSE LID

5.1. Nadat 'n volwasse persoon tevrede is dat hy die grondslag, wese, kernwaardes en doelstellings van Die Voortrekkers verstaan en inhoud van hierdie lidmaatskapsbrosjure begryp, en aanvaar dat hy hiervolgens aan die aktiwiteite van Die Voortrekkers wil deelneem, word die betrokke registrasievorm ingevul en 'n spesifieke Voortrekkerkommando (of los Veldkornetskap of Staatmakergroep) gekies.

5.2. Volwasse lede moet kennis neem dat Die Voortrekkers homself die reg voorbehou om die nodige ondersoeke na sy lede te doen ingevolge die wette soos gestipuleer in paragraaf 5 en 6 van die registrasievorm vir volwassenes.

5.3. Die kommandodagbestuur van die betrokke Voortrekkerkommando bepaal of die volwasse persoon se lewenstyl en persoonlike oortuigings wel versoenbaar is met die grondslag, wese en doelstellings van Die Voortrekkers en of hy 'n aktiewe lidmaat van 'n aanvaarde Christelike kerk is. Die persoon word dan by Die Voortrekkers as lid geregistreer.

5.4. Jeugvriende, Erelede, en Beskermhere en -vroue betaal nie registrasiegeld nie.

5.5. Na registrasie as lid van Die Voortrekkers moet 'n lid die bepalings in paragraaf 7 van hierdie brosjure nakom.

5.6. Aan die begin van die jaar moet 'n volwasse lid herregistreer ten einde voortsetting van sy lidmaatskap vir die jaar te verkry.

# 6. PROBLEEM MET LIDMAATSKAP

6.1. ’n Registrasie om lidmaatskap mag deur die betrokke kommandodagbestuur terug getrek word vir ’n periode van vier weke, maar die rede moet aan die voornemende jeuglid se ouer of wettige voog, of voornemende volwasse lid bekend gemaak word.

6.2. ’n Oorddagbestuur, gebiedsdagbestuur of die hoofdagbestuur het ook die reg om ’n registrasie terug te trek maar moet ook die redes aan die betrokke ouer of wettige voog, of volwasse lid bekend maak.

6.3. In alle gevalle het die voornemende jeuglid se ouer of wettige voog, of volwasse persoon die reg tot appèl na die betrokke oord-, gebieds-, of die hoofdagbestuur.

6.4. Die besluit van Hoofdagbestuur is finaal.

6.5. Indien enigiemand probeer om ’n registrasie buite die amptelike kanale, byvoorbeeld in die media, tot nadeel of verleentheid van Die Voortrekkers te bestuur, word sodanige registrasie summier verbeur.

# 7. VERANTWOORDELIKHEID NA REGISTRASIE

7.1. Die lid moet binne drie maande aktiewe Voortrekkerdrag aankoop, of voor drie maande indien daar aan aktiwiteite deelgeneem word waar Voortrekkerdrag gedra gaan word.

7.2. Die lid moet voor die einde van die jaar formele Voortrekkerdrag aankoop. Indien daar voor die einde van die jaar aan aktiwiteite deelgeneem word, waar formele Voortrekkerdrag gedra gaan word, word dit verkies dat formele Voortrekkerdrag vroeër aangekoop word.

7.3. Die lid moet die literatuur bekom wat benodig word om die betrokke jaar se Voortrekkerwerk af te handel.

7.4. Die lid moet by Die Voortrekkers ingelyf word tydens ’n seremonie waar hy die betrokke belofte voor die ouers of wettige voog (in die geval van ’n jeuglid) en lede van die kommandobestuur aflê. Die lid moet die belofte hardop sê, met voorganger soos nodig of hardop daarop antwoord nadat dit deur ’n voorganger voorgehou is. Ontdekkers en Jeugvriende word nie ingelyf nie.

7.5. Jeuglede moet deur die kommandodagbestuur in ’n spesifieke Voortrekkerspan ingedeel word en indien ’n jeuglid los van ’n Voortrekkerkommando funksioneer moet die verantwoordelike kommandodagbestuur die nodige reëlings tref soos deur die reglemente bepaal.

7.6. Volwasse lede ontvang spesifieke opdragte en verantwoordelikhede van die betrokke kommandodagbestuur, of soortgelyke bestuursliggame van Die Voortrekkers.

7.7. Herregistrasie vind jaarliks plaas, nadat die registrasieproses geopen het.

## 8. BEGRONDING VAN DIE VOORTREKKERS

### 8.1. DIE GRONDSLAG

God Drie-enig se openbaring aan ons deur die Bybel en die skepping.

### 8.2. WESE

Die Voortrekkers is ’n kultuurbeweging wat ons lede, in besonder die jeug, toerus om as moderne Afrikaners, positiewe burgers en konsekwente Christene hulle roeping deur diensbaarheid uit te leef.

### 8.3. DOELSTELLINGS

Die Voortrekkers is daartoe verbind om—

(a) ons geloof in God Drie-enig in al ons Voortrekkeraktiwiteite te bevestig;

(b) as moderne Afrikaners ons taal, kultuur en erfenis met trots te bevorder;

(c) as positiewe landsburgers opbouend betrokke te wees by ons gemeenskap, land en kontinent;

(d) as konsekwente Christene deur ons woorde en dade te getuig en

(e) diensbaar in ons omgewing te wees.

### 8.4. DIE VOORTREKKERKODE

Uit die grondslag, wese en doelstellings het Die Voortrekkers ’n kode ontwikkeling wat tien lewensbeginsels omskryf wat elke Voortrekker streef om na te leef. Dit lui soos volg:

(a) ’n Voortrekker glo in die Drie-enige God en dien Hom.

(b) ’n Voortrekker se woord is sy eer.

(c) ’n Voortrekker is gehoorsaam.

(d) ’n Voortrekker leef met respek.

(e) ’n Voortrekker is trots op ons taal, kultuur en erfenis en bevorder dit.

(f) ’n Voortrekker leer uit die geskiedenis en bou daarop voort.

(g) ’n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.

(h) ’n Voortrekker neem leiding.

(i) ’n Voortrekker is oplettend en weerbaar.

(j) ’n Voortrekker is diensbaar.

## 8.5. BELOFTES

Die toepaslike belofte word tydens inlywing afgelê nadat lidmaatskap goedgekeur is.

***(a) Penkoppe en Drawwertjies (leerlinge in graad 0 tot 7)***

Ek sal oral en altyd probeer om ’n Voortrekker te wees, om gehoorsaam te wees, om my volk, my land en my medemens te dien, en bo alles die Here lief te hê.

***(b) Verkenners (leerlinge in graad 8 tot 12)***

Op my eer beloof ek dat ek sal strewe om God te eer, om my volk, my land en my medemens te dien, en om die Voortrekkerkode na te leef.

***(c) Staatmakers (volwassenes tussen 18 en 28 jaar)***

Ek beloof dat ek sal strewe om te volhard in diens aan die Drie-enige God, my volk, my land en my medemens. Ek vereenselwig my met en onderskryf die grondslag, wese en doelstellings van Die Voortrekkers en onderneem om dit te bevorder.

***(d) Offisiere (volwassenes wat as spanoffisiere dienslewer of op besture dien)***

Ek beloof dat ek sal strewe om te volhard in diens aan die Drie-enige God, my volk, my land en my medemens. Ek vereenselwig my met en

onderskryf die grondslag, wese en doelstellings van Die Voortrekkers, en onderneem om dit aan die jeug oor te dra.

*(e)* ***Heemraadslede (ouers en ander volwassenes wat spanne en besture bystaan)***
Ek vereenselwig my met en onderskryf die grondslag, wese en doelstellings van Die Voortrekkers. Ek onderneem om alles in my vermoë te doen om Die Voortrekkers in my omgewing met raad en daad te ondersteun, en om die doelstellings van Die Voortrekkers te bevorder.

## 9. REGISTRASIEGELDE

9.1. Registrasiegelde is onmiddellik met registrasie en daarna jaarliks voor of op ’n datum, soos deur hoofbestuur bepaal, vir die betrokke jaar betaalbaar.

9.2. ’n Lid se lidmaatskap verval indien sy registrasiegelde nie teen die sperdatum vir daardie jaar betaal is nie en mag hy aan geen verdere Voortrekkeraktiwiteite deelneem nie. Hy verbeur ook ’n toekenning vir getroue diens met betrekking tot daardie jaar.

9.3. Registrasiegelde, vir die betrokke jaar en voorafgaande jare, moet ten volle betaal wees ingeval van:

(a) Inskrywing vir die Presidentsverkenner- en Voorslagproses.

(b) Nominasie en verkiesing tot enige Voortrekkerbestuur behalwe in die geval van die stigting van ’n nuwe Voortrekkerkommando, los Veldkornetskap of Staatmakergroep.

(c) Nominasie en verkiesing tot enige jeugraad van Die Voortrekkers.

(d) Toekenning van besondere prestasies soos in hoofstuk 11 van die reglemente uiteengesit.

(e) Toekenning van getroue diens-, graadwiel- of ABC-kentekens aan die einde van die jaar.

(f) Benoeming as afgevaardigde of sekundi na ’n meerdere vergadering van Die Voortrekkers.

# 10. GEDRAGSKODE VIR DIE VOORTREKKERS

Vir Die Voortrekkers is hierdie gedragskode die voorskrifte waarvolgens sy lede hulle gedrag en optrede moet inrig, nie slegs wanneer hulle in Voortrekkerdrag is nie, maar ook in die alledaagse lewe.

## 10.1. VEREENSELWIG MET DIE VOORTREKKERS SE BEGRONDING

(a) Die gedragskode is gebaseer op die grondslag, wese en doelstellings van Die Voortrekkers, asook op wellewendheid en welwillendheid teenoor die medemens en eerbied vir die eie. Daarom behoort die lewenswyse en optrede van 'n Voortrekker altyd tot eer van God en tot diens van volk, land en medemens te wees.

(b) Lede van Die Voortrekkers vereenselwig hulle in die openbaar met die begronding van Die Voortrekkers deur 'n spesifieke belofte af te lê met inlywing.

## 10.2. EERBIEDIG DIE VOORTREKKERS SE GRONDWET, REGLEMENTE EN PROSEDURES

(a) Nadat 'n Voortrekker hom vereenselwig het met die grondslag, wese en doelstellings van Die Voortrekkers sal hy die bepalings in die grondwet, reglemente en onderskeie prosedures wat daaruit voortspruit, te alle tye, eerbiedig. Geen Voortrekker is daar bo verhewe nie en niemand kan 'n Voortrekker van die bepalings daarvan vrystel nie.

(b) Vertoë om die grondwet, reglemente of prosedures te wysig, moet deur die regte prosedure geskied.

(c) Tydens 'n Voortrekkeraktiwiteit sal almal ingelig word rondom spesifieke prosedures, of reëls, wat vir die spesifieke aktiwiteit nodig is, om dit sonder probleme suksesvol uit te voer.

## 10.3. RESPEK VIR ANDER

(a) In Die Voortrekkers gaan dit primêr om die jeuglid, sy behoeftes en omstandighede, en dit moet bepalend wees in 'n volwassene se optrede.

(b) Die volwasse lid moet deurlopend 'n positiewe ingesteldheid teenoor jeuglede handhaaf omdat dit 'n vormende invloed op die jeuglid se drome en aspirasies het.

(c) Lede respekteer mekaar se privaatheid en menswaardigheid, en tree met waardigheid en integriteit teenoor almal op.

(d) Voortrekkers kommunikeer met mekaar en diegene wat met Die Voortrekkers kommunikeer, volgens die bepalings wat in die kommunikasiebeleid uiteengesit is.

(e) Wanneer enige lid van Die Voortrekkers aan enige trauma tydens of rondom aktiwiteite van Die Voortrekkers blootgestel word, moet daar onmiddellik opgetree word, volgens die spesifieke prosedure wat in die Traumaherkennings-handleiding voorgeskryf word.

(f) Jeuglede daarteenoor moet gehoorsaam wees aan volwasse lede en ’n gesonde verhouding met hulle handhaaf.

## 10.4. EERBIEDIG ANDER EN SIMBOLE

(a) Voortrekkers is lojaal teenoor lede van Die Voortrekkers in enige pos wat hy beklee, in ’n gees van hulpvaardigheid en welwillendheid.

(b) Voortrekkers betoon respek teenoor al die burgers en regering van die land waarin hy woon.

(c) Voortrekkers salueer die vlae tydens vlagseremonies.

(d) Voortrekkers salueer met die aflegging van beloftes.

(e) Voortrekkers gebruik nie ’n saluut as ’n vorm van groet nie.

## 10.5. TREE ONBERISPELIKE OP

(a) Die Voortrekkers handhaaf ’n Christelike waardesisteem.

(b) Die Voortrekkers onderskryf en koester in ooreenstemming met die grondslag, wese en doelstellings van Die Voortrekkers die Christelik-Bybels- gefundeerde huwelik, dié tussen man en vrou, as die normatiewe grondslag vir die gesin, familie en die gemeenskap.

(c) Volwasse lede het die verantwoordelikheid om normatiewe Bybelse waardes met betrekking tot verhoudings op so wyse aan jeuglede voor te leef dat die positiewe gesins- en gemeenskapswaardes, waarvoor Die Voortrekkers staan, daardeur bevorder word.

(d) Geen Voortrekker mag enige dwelmmiddel tydens Voortrekkeraktiwiteite gebruik nie.

(e) Geen jeuglid mag rook (wat waterpype en damprook ondermeer insluit), of drank gebruik, tydens enige Voortrekkeraktiwiteite nie (met die enkele uitsondering in die geval waar die ouer of wettige voog uitdruklik skriftelike toestemming verleen dat ’n jeuglid in Graad 11 of Graad 12, met aanbieding van die Wynkennisspesialisasie, wyn mag proe).

(f) Wanneer ’n volwassene aan diens is en met jeuglede moet werk, mag hy nie alkoholiese drank gebruik nie.

(g) ’n Volwassene rook nie in die teenwoordigheid van ’n jeuglid nie. Daar moet deurlopend aan die tabakwetgewing gehoor gegee word, wat tans van toepassing is.

(h) Die Offisier in beheer van ’n Voortrekkeraktiwiteit moet spesifiek toestemming verleen en verantwoordelikheid neem, vir gebruik van alkohol deur volwassenes, wat nie aan diens is of direk met jeuglede gaan werk nie, tydens volwasse geselligheде.

(i) Wanneer ’n volwasse lid in ’n huweliksgeding betrokke raak of ander onaanvaarbare gedrag openbaar, moet die dagbestuur van die vlak waarby die lid betrokke is, die saak beoordeel en besluit of die persoon in sy pos kan aanbly en met sy werk kan voortgaan. Die volgende twee punte moet in ag geneem word:

   i. Die posisie waarin die betrokke persoon hom bevind binne die gemeenskap.

   ii. Die aanvaarbaarheid vir Die Voortrekkers in die omstandighede op die bepaalde vlak.

(j) Lede van Die Voortrekkers mag geen onwelvoeglike materiaal besit, vervaardig of versprei nie.

(k) Wanneer ’n lid na persoonlike gesprek laat blyk dat hy nie meer met die normatiewe waarderaamwerk van Die Voortrekkers kan vereenselwig of bevorder nie, erken en respekteer Die Voortrekkers die individu se reg tot

disassosiasie en stel die lid uit eie keuse homself buite die lidmaatskapvereistes van Die Voortrekkers.

(l) Alle volwassenes tree hoflik en professioneel teenoor jeuglede, mekaar en ander persone op.

(m) Die Voortrekkers onderskryf die toepaslike wetgewing met betrekking tot aanvaarbare sosiale gedrag.

## 10.6. POLITIEK EN KERK

(a) 'n Voortrekker weerhou homself van die uitspreek van persoonlike oortuigings of beskouings op politieke, kerklike, geslagsoriëntasie of opinies op ander vlakke van die openbare lewe aan spanne, kommando's, oorde of Die Voortrekkers as geheel.

(b) Die Voortrekkers neem aan geen funksie of werksaamheid van partypolitiek deel nie. Die lede van die Voortrekkers is a-polities, mag geen politieke party promoveer of bevorder nie, maar moet sy positiewe burgerlike plig nakom om deel te neem aan die demokratiese prosesse.

## 10.7. DISSIPLINE

(a) Voortrekkers handhaaf te alle tye goeie dissipline tydens Voortrekker-aktiwiteite en met alle aktiwiteite moet daar 'n volwasse lid vir dissipline in beheer geplaas word.

(b) Indien 'n lid wel weens verkeerde gedrag aangespreek moet word, mag geen neerhalende taal gebruik, of enige vorm van fisiese straf, toegedien word nie.

(c) In die geval van mindere oortredings kan 'n lid versoek word om bykomende dienswerk tydens die betrokke aktiwiteit te verrig.

(d) Die volwasse lid in beheer van dissipline moet meer ernstige oortredings na 'n dissiplinêre komitee verwys wat dan streng volgens die bepaalde reglement moet optree.

## 10.8. OPLEIDING

(a) Jeuglede volg getrou die Voortrekkerwerk wat vir die betrokke jaar afgehandel moet word ten einde te groei in die doelstellings van Die Voortrekkers.

(b) Jeuglede se vordering moet jaarliks beoordeel word en aan die einde van Graad 7 en Graad 12 kan hulle aan ’n nasionale evalueringsproses deelneem.

(c) Volwasse lede woon opleiding en verrykingsgeleenthede op ’n gereelde basis by ten einde hulle beter toe te rus om met die jeuglede te werk.

(d) Volwasse lede se opleiding word deurlopend nagegaan.

## 10.9. BEELD VAN DIE VOORTREKKERS IN DIE OPENBAAR

(a) Die optrede en uitsprake van Voortrekkers mag nooit in stryd wees met die grondslag, wese, doelstellings, standaardprosedures of enige besluite van Die Voortrekkers nie.

(b) Optrede van leiers moet nie Die Voortrekkers in gedrang bring of in die verleentheid stel nie.

(c) Geen Voortrekker mag sonder magtiging deur middel van artikels, briewe of onderhoude in die openbare media ’n interpretasie gee van beleid- of beginselsake van Die Voortrekkers nie.

(d) Voortrekkers moet wel gewone nuusberigte rondom Voortrekkeraktiwiteite aan die media beskikbaar stel en aktief deelneem in briewekolomme van koerante.

(e) Voortrekkers word nie sondermeer gebruik om fondse vir ander organisasies in te samel nie.

(f) Insameling van fondse met kompetisies waarby loting betrokke is vir die aanwysing van ’n wenner mag nie in Die Voortrekkers gebruik word nie.

(g) Voortrekkerdrag word altyd gedra soos deur die reglemente bepaal.

(h) Voortrekkers mag nie Voortrekkerdrag dra wanneer daar vir ander doeleindes as Die Voortrekkers fondse ingesamel word nie.

(i) Voortrekkers tree nie in Voortrekkerdrag by enige partypolitieke byeenkoms op nie.

(j) Voortrekkers neem nie in Voortrekkerdrag aan byeenkomste van ander organisasies deel nie, tensy ’n bestuursliggaam van Die Voortrekkers daartoe besluit het.

### 10.10. UITNEMENDE LEIERSKAP

(a) Die Voortrekkers moedig die ontwikkeling van uitnemende leierskap aan en wil graag dat volwasse lede deur voorbeeld dit aan die jeug oordra.

(b) Volwasse lede is deeglik in die beplanning van alle aktiwiteite en maak voorsiening vir onverwagse gebeurlikhede.

(c) ’n Volwasse lid bly regverdig in oordeel en positief in sy siening van alle Voortrekkers ten einde nie persoonlik of sy eie span, kommando, oord of gebied, ten koste van ander, te bevoordeel nie.

### 10.11. KREATIWITEIT

(a) Die Voortrekkers stel leermateriaal beskikbaar om Voortrekkerwerk aan te bied en versoek deurlopend aanbieders daarvan om nuwe materiaal te skep.

(b) Die Voortrekkers moedig juis ook almal aan om eie kreatiewe metodes te ontwikkel om die aanbieding van Voortrekkerwerk te verbeter.

### 10.12. VERANTWOORDELIKHEID

(a) Volwasse lede is altyd verantwoordelik vir jeuglede se fisiese en emosionele veiligheid en beskerming tydens Voortrekkeraktiwiteite, en moet te alle tye die betrokke bestuursliggaam raadpleeg indien onseker.

(b) Dit is vir elke Voortrekker ’n saak van eer om die take wat hy onderneem het, te voltooi. Indien hy weens onvermydelike omstandighede nie kan uitvoer wat hy onderneem het nie, sorg hy vir ’n plaasvervanger of verwittig die verantwoordelike persoon betyds daarvan. Die betrokke Voortrekker bly egter aanspreeklik vir die werk van sy plaasvervanger.

(c) ’n Voortrekker kom al sy verpligtings met betrekking tot die bywoning van vergaderings of funksies getrou na. Indien hy met rede verhinder word om dit te doen, stel hy die verantwoordelike persoon skriftelik asook sy sekundus daarvan in kennis en oorhandig alle toepaslike dokumentasie aan die sekundus.

## 11. DISSIPLINÊRE OPTREDE

11.1. Elke ouer en wettige voog verklaar as volg met registrasie: “Dat ek kennis neem dat my kind hom aan die bepalings van die grondwet, reglemente en standaard-

prosedures van Die Voortrekkers onderwerp by aanvaarding van sy lidmaatskap en aanvaar dat daar toepaslik volgens die bepalings van Die Voortrekkers se reglemente, insake dissiplinêre optrede, opgetree kan word indien hy die beginsels daarvan of ander landswette oortree."

11.2. Elke volwasse lid verklaar as volg met registrasie: "Dat ek kennis neem dat ek my aan die bepalings van die grondwet, reglemente en standaardprosedures van Die Voortrekkers onderwerp en aanvaar dat daar toepaslik volgens die bepalings van Die Voortrekkers se reglemente, insake dissiplinêre optrede, opgetree kan word indien ek die beginsels daarvan of ander landswette oortree. Ek aanvaar dat ek in die uitvoering van my Voortrekkerverpligtinge gestuit kan word, indien daar na die redelike oordeel van die betrokke bestuursliggaam ondersoek ingestel moet word na my optrede, omdat dit dalk daarop sou dui dat dit in stryd is met die grondwet, reglemente en standaardprosedures van Die Voortrekkers."

11.3. Vir alle aktiwiteite wat deur Die Voortrekkers aangebied word, is die Offisier in beheer van die aktiwiteit, verantwoordelik om 'n dissiplinêre komitee daar te stel wat na gedragsprobleme sal omsien. Dit is die begeerte van Die Voortrekkers om deur middel van positiewe bemoeienis met lede tot die algemene opvoeding van lede behulpsaam te wees.

11.4. Dit is algemene gebruik in Die Voortrekkers om lede wel met bykomende werk, te laat diens lewer, indien hulle aan mindere oortredings tydens aktiwiteite skuldig is. Lede sal nie met "strafparades" of "fisiese oefening" of "lyfstraf" getugtig word nie.

11.5. Oortredings van 'n ernstige aard word ooreenkomstig die bepalings in die betrokke reglement hanteer.

## 12. BEËINDIGING VAN LIDMAATSKAP

Lidmaatskap van Die Voortrekkers word beëindig—

12.1. wanneer 'n lid skriftelik bedank en die betrokke bestuursliggaam die bedanking aanvaar;

12.2. wanneer 'n lid sonder opgaaf van aanvaarbare redes ondanks drie aanmanings, waarvan die finale skriftelik is, ophou om Voortrekkerwerk te doen;

12.3. wanneer 'n lid verhuis en nie by 'n ander Voortrekkerkommando of los veldkornetskap aansluit nie;

12.4. wanneer ’n lid versuim om sy registrasiegeld, wat deur hoofbestuur bepaal is, voor die sperdatum te betaal;

12.5. wanneer ’n lid vals inligting met sy registrasie verstrek het; of

12.6. wanneer lidmaatskap van enige lid, op aanbeveling van ’n dissiplinêre komitee, deur die betrokke bestuur beëindig word, indien daar bevind word dat ’n lid hom gedra het op ’n wyse wat strydig is met die bepalings van die grondwet, reglemente, prosedures of lidmaatskapsbrosjure van Die Voortrekkers.

## 13. AKTIWITEITE EN TOEKENNINGS AAN JEUGLEDE

13.1. Alle volwasse lede lewer vrywillig ’n diens aan Die Voortrekkers en dan in besonder aan die betrokke span en plaaslike kommando.

13.2. Die aanbieding van aktiwiteite vir jeuglede geskied meestal met hulpbronne wat geredelik tot die volwasse lid se beskikking is en daarom sal die gehalte van aanbiedings verskil van span tot span en kommando tot kommando.

13.3. Met die vervaardiging en verkryging van hulpbronne is die koste daarvan, die beskikbaarheid daarvan, eie entrepreneuriese vaardigheid en persoonlike ervaring, belangrike faktore wat spanoffisiere se aanbiedings totaal van mekaar laat verskil. Deur opleiding in Die Voortrekkers word gepoog om hierdie verskil so klein as moontlik te maak.

13.4. Persoonlike omstandighede van alle volwasse lede kan ook in ’n oogwink so verander dat sy vrywillige werk vir Die Voortrekkers dramaties ingekort moet word en moet ’n span of kommando weer ander leiers op bepaalde vlakke aanwys.

13.5. Die Voortrekkers het wel ’n oorhoofse loopbaanplan wat elke spanoffisier in ag moet neem in die aanbieding van Voortrekkerwerk ten einde die wese en doelstellings van Die Voortrekkers te bevorder.

13.6. Vir elke graad is daar ’n spesifieke kurrikulum wat die betrokke spanoffisier met die span moet deurwerk in die jaar ten einde ’n graadwiel te verwerf, wat deur die kommandobestuur toegeken word.

13.7. Elke span of individuele lid werk ook aan verskeie spesialisasies, wat ook grootliks kan verskil ten einde die span se behoeftes en spanoffisier se hulpbronne te ver-

soen. Spesialisasies word deur die onderskeie bestuursliggame van Die Voortrekkers toegeken.

13.8. Kampe vir die span, die kommando en in die gebied is vir alle Voortrekkers beskikbaar, maar die koste daarvan moet in ag geneem word in die beplanning van elke span se aktiwiteite.

13.9. Uitstappies, fondsinsamelingsprojekte, diensleweringsprojekte, bemarkingsaksies en dergelike aktiwiteite word ook aangebied ten einde Voortrekkeraktiwiteite ten volle te beleef.

13.10. Erkenning word jaarlikse vir getroue diens deur die kommandobestuur toegeken aan die lede wat na die oordeel van die bestuur getrou deelgeneem het aan die jaar se aktiwiteite.

13.11. ABC-kentekens word deur die kommandobestuur toegeken aan jeuglede op grond van hul bywoning van en deelname aan aktiwiteite.

13.12. Vir die verwerwing van die PD Voorslagtoekenning aan die einde van Graad 7 en die Presidentsverkennertoekenning aan einde van Graad 12, is deurlopende bywoning en deelname aan Voortrekkeraktiwiteite noodsaaklik ten einde aan die toelatingsvereistes te voldoen.

13.13. Erkenning vir ander besondere prestasies word aan jeuglede gemaak volgens die bepalings van die reglemente.

13.14. Geen toekenning wat aan ’n Voortrekker gemaak is, kan hom op ’n later stadium ontneem word nie, behalwe indien die toekenning nie op ’n bona fide wyse verwerf is nie.

## 14. OUERS EN WETTIGE VOOGDE VAN JEUGLEDE SE VERANTWOORDELIKHEID

14.1. Sien toe dat al die noodsaaklike persoonlike inligting van jeuglede aan die spanoffisier en kommando deurgegee en deurlopend opgedateer word.

14.2. Bekom die jaarprogram van die spanoffisier, bied hulp aan waar moontlik en sien toe dat jeuglid getrou aan aktiwiteite deelneem.

14.3. Indien ’n jeuglid om spesifieke redes nie aan ’n aktiwiteit kan deelneem nie, moet die inligting aan die spanoffisier deurgegee word sodat hulp waar dit nodig mag wees aangebied kan word.

14.4. Vergewis u deurlopend van die aktiwiteite waarmee die jeuglid besig is en ondersteun hom daar in.

14.5. Vestig die grondslag, wese en doelstellings van Die Voortrekkers deurlopend by die jeuglid as ’n lewenswyse.

## 15. AKTIWITEITE EN TOEKENNINGS AAN VOLWASSE LEDE

15.1. Alle volwasse lede lewer vrywillig ’n diens aan Die Voortrekkers.

15.2. Aanbieding van aktiwiteite vir jeuglede geskied meestal met hulpbronne wat geredelik tot die volwasse lid se beskikking is.

15.3. Met die vervaardiging en verkryging van hulpbronne is die koste daarvan die verantwoordelikheid van die volwassene self. Deur opleiding in Die Voortrekkers word gepoog om die volwassene hierin te ondersteun.

15.4. Die Voortrekkers het wel ’n oorhoofse loopbaanplan wat elke spanoffisier in ag moet neem in die aanbieding van Voortrekkerwerk ten einde die wese en doelstellings van Die Voortrekkers te bevorder.

15.5. Vir elke graad is daar ’n spesifieke kurrikulum wat die betrokke spanoffisier met die span moet deurwerk in die betrokke jaar.

15.6. Elke span of individuele lid werk aan verskeie spesialisasies ten einde die span se behoeftes en spanoffisier se hulpbronne te versoen.

15.7. Kampe vir die span moet beplan, en kampe van die kommando en ander aktiwiteite in die gebied moet bygewoon word.

15.8. Uitstappies, fondsinsamelingsprojekte, diensleweringsprojekte, bemarkingsaksies en dergelike aktiwiteite word beplan soos moontlik.

15.9. Erkenning word jaarlikse vir getroue diens deur die kommandobestuur toegeken aan volwasse lede wat na die oordeel van die bestuur getrou deelgeneem het aan die jaar se aktiwiteite.

15.10. ABC-kentekens word deur die kommandobestuur toegeken aan volwasse lede op grond van hul bywoning van en deelname aan aktiwiteite.

15.11. Volwasse lede moet gereeld opleidingskursusse bywoon waarvoor daar sertifikate en toepaslike kentekens uitgereik word.

15.12. Erkenning vir besondere prestasies word aan volwasse lede gemaak volgens die bepalings van die reglemente.

## 16. OPLEIDING VIR VOLWASSENES

16.1. Ten einde Voortrekkeraktiwiteite suksesvol aan te bied, bied Die Voortrekkers by verskeie geleenthede opleiding van ’n groot omvang vir volwassenes aan. Die koste van opleiding is die verantwoordelikheid van die volwassene. Kommando’s sou wel uit eie beweging hiermee behulpsaam kan wees ten einde opleiding te verbeter.

16.2. Alle volwasse lede behoort met aansluiting die Intreekursus te deurloop.

16.3. Spanoffisiere behoort in die eerste jaar die Spanhanteringkursus te deurloop.

16.4. Volwassenes wat tot besture verkies word behoort in die eerste jaar na verkiesing Bestuurskursus te deurloop.

## 17. TOERUSTING EN TERREINE

17.1. Toerusting wat vrywillig tot beskikking van Die Voortrekkers gestel word, word geag op eie risiko aangebied te wees tensy uitdruklik vermeld dat toerusting verseker moet word. Alhoewel lede van Die Voortrekkers te alle tye sorg sal dra dat toerusting behoorlik opgepas en gebruik sal word, het die vrywillige verskaffer van die toerusting geen eis teen enige lid of bestuursliggaam van Die Voortrekkers nie, tensy growwe nalatigheid aangetoon kan word en eis tot die effek aan die versekeraars van Die Voortrekkers deurgegee word indien dit wel verseker was.

17.2. Dit word aanvaar dat toerusting wat vrywillig aan Die Voortrekkers beskikbaar gestel word in behoorlike en veilige werkende toestand aangebied word.

17.3. Verantwoordelike volwassenes moet te alle tye toesien dat alle toerusting, eie eiendom en op bruikleen, wat gebruik word in goeie en veilige werkende toestand is.

17.4. Waar nodig moet toerusting deur die betrokke bestuursliggaam in Die Voortrekkers na eie goeddunke behoorlik verseker word.

17.5. Met die gebruik van huise en ander terreine vir aanbied van Voortrekkeraktiwiteite geld die normale regsaanspreeklikheid bepalings en persoonlike regsaanspreeklikheid, waar van toepassing.

## 18. VERVOER

18.1. Die Voortrekkers maak meestal gebruik van privaat voertuie om lede van punt tot punt te vervoer.

18.2. Privaat voertuie wat gebruik word moet behoorlik padwaardig en die bestuurder in besit van ’n geldige bestuurslisensie wees. Dit is nie nodig dat bestuurder in besit van ’n professionele rybewys (PDP) te wees nie, tensy die grootte van die voertuig dit sou vereis.

18.3. Indien die voertuig in ’n ongeluk betrokke is, het passasiers ’n normale eis teen die Padongelukkefonds volgens die wetgewing wat die fonds reguleer.

18.4. Indien Die Voortrekkers van openbare vervoer gebruik maak, moet toegesien word dat die verskaffer van die vervoer bewys lewer dat die voertuig padwaardig is en alle wetlike aspekte nagekom is. Die nodige sertifikaat moet op navraag aan die verantwoordelike volwassene getoon word.

## 19. BESERINGS, SIEKTES EN VRYWARING

19.1. Die Voortrekkers bied aktiwiteite juis aan om vol avontuur te wees en moet lede, ouers en wettige voogde van lede kennis neem dat dit noodwendig risiko’s met gewone beserings kan verhoog.

19.2. Lede gaan op uitstappies en kampe in die veld, met al die uitdagings van ’n lewe in die veld, spesiale kursusse word aangebied met gesofistikeerde toerusting byvoorbeeld abseil, oorlewingskursusse met spesifieke uitdagings, waterwerkkursusse en nog vele meer.

19.3. Verantwoordelike volwasse lede van Die Voortrekkers is te alle tye in bevel en beheer met aanbieding van alle aktiwiteite en is alle lede, en in besonder jeuglede, verplig om nougeset die versoeke en opdragte van hierdie volwassenes na te kom. Ouers en wettige voogde moet dit duidelik onder die aandag van jeuglede bring.

19.4. Die verantwoordelike volwassene moet altyd toesien dat basiese noodhulp beskikbaar is om lede in tye van siekte en besering behulpsaam te wees. Basiese medikasie sal tydens kampe, toere en dergelike aktiwiteite aan lede beskikbaar gestel word vir gebruik onder die toesig van 'n verantwoordelike volwassene.

19.5. Die volwasse lid in beheer word gemagtig om mediese hulp aan lede te bied soos dit in noodgevalle nodig mag wees. Dit is as sodanig in die vrywaringsvorm hieronder opgeneem onder artikels 21.6 en 22.9.

## 20. BEELDMATERIAAL

20.1. Die Voortrekkers sal toesien dat slegs smaakvolle foto's en video's van lede op enige platform geskep en versprei word met die ouer en wettige voog se uitdruklike toestemming. Indien enige lid, ouer of wettige voog van mening is dat 'n bepaalde foto of video nie verder gebruik mag word nie, moet die betrokke bestuursliggaam onmiddellik daarvan in kennis gestel word.

20.2. Kinders, ouers, wettige voogde of volwasse lede kan wel vooraf aandui indien foto's of video's van 'n bepaalde persoon nie geneem of geplaas mag word nie. Die Voortrekkers sal sover moontlik poog om aan die versoek te voldoen.

## 21. VERKLARING DEUR DIE OUER OF WETTIGE VOOG OP REGISTRASIE VAN 'N JEUGLID

21.1. Dat ek my vergewis het van die grondslag, wese en doelstellings van Die Voortrekkers soos uiteengesit in hierdie lidmaatskapsbrosjure, verleen toestemming dat my kind daaraan blootgestel mag word en onderneem om hom daarin te ondersteun.

21.2. Dat ek hiermee bystand verleen aan my kind ten einde as jeuglid van Die Voortrekkers te registreer.

21.3. Dat ek van mening is dat my kind voldoen aan die vereistes van Die Voortrekkers soos uiteengesit in die lidmaatskapsbrosjure.

21.4. Dat ek kennis neem dat my kind hom aan die bepalings van die grondwet, reglemente en standaardprosedures van Die Voortrekkers onderwerp by registrasie en aanvaar dat daar toepaslik volgens die bepalings van Die Voortrekkers se reglemente, insake dissiplinêre optrede, opgetree kan word indien hy die beginsels

daarvan of ander landswette oortree. Ek aanvaar dat my kind se deelname aan Voortrekkeraktiwiteite tydelik opgeskort kan word, indien sy optrede na die redelike oordeel van die betrokke bestuursliggaam, ernstig in stryd is met die grondwet, reglemente en standaardprosedures van Die Voortrekkers.

21.5. Dat ek onderneem om toe te sien dat my kind se registrasiegeld jaarliks voor die sperdatum betaal word, by gebrek waarvan sy lidmaatskap kan verval.

21.6. Dat ek hiermee Die Voortrekkers, al sy openbare amptenare, al sy verteenwoordigers en lede vrywaar teen aanspreeklikheid van enige eis om skade, uitgesonderd skade veroorsaak deur hulle growwe nalatigheid, hetsy gebaseer op geldelike verlies, uitgawes aangegaan in verband met sodanige skade, eise vir pyn en lyding, eise vir verlies aan toekomstige inkomste of watter ander aanspreeklikheid ook al, wat mag voortspruit uit een of meer van die volgende:

(a) dood of besering aan die persoon van bogenoemde kind;

(b) verlies van eiendom van bogenoemde kind terwyl gemelde kind betrokke is by enige aktiwiteit en/of reis op pad na of van enige perseel waar sodanige aktiwiteit aangebied word waarby Die Voortrekkers of enige van sy verteenwoordigers dit op enige vlak georganiseer het of by betrokke is.

21.7. Dat ek hiermee die gemagtigde verteenwoordigers van Die Voortrekkers wat in bevel mag wees tydens enige voorval waarin bogemelde kind beseer mag word, magtig en aanstel om namens en in my plek tot enige van die ondergemelde toe te stem indien ek, om welke rede ook al, nie beskikbaar is nie:

(a) chirurgiese of mediese prosedure en/of toediening van narkose wat nodig mag wees as gevolg van enige besering aan die persoon van die bogemelde kind;

(b) die aangaan van mediese koste in verband met bogemelde kind insluitend nood mediese afvoer.

21.8. Dat ek waarborg en bevestig dat ek self gemagtig is en die reg het om tot sodanige optrede in te stem en bekragtig enige optrede hierkragtens gedoen.

21.9. Dat ek onderneem om enige van die bogemelde koste ten opsigte van bogemelde op aanvraag te betaal en onderneem hiermee om Die Voortrekkers en/of enige

van sy openbare amptenare en/of enige van sy verteenwoordigers te vergoed vir en vrywaar van enige koste wat in hierdie verband aangegaan mag word.

21.10. Dat ek bevestig dat enige mediese rekening direk aan my gestuur moet word en onderneem om alle koste in die verband op aanvraag te betaal.

21.11. Dat die inligting wat ek op die aansoekvorm verskaf het korrek is.

21.12. Dat ek die woonadres vermeld in die registrasie kies vir doeleindes van enige kennisgewing aan my, voortspruitend uit enige aksie gedek deur hierdie dokument.

21.13. Dat ek die inhoud van hierdie onderneming en lidmaatskapsbrosjure met die voornemende jeuglid bespreek het.

## 22. VERKLARING DEUR VOLWASSE LID

22.1. Dat ek vrywillig hierdie verklaring onderteken.

22.2. Dat ek my vergewis het van die grondslag, wese en doelstellings van Die Voortrekkers en die volledige inhoud van die lidmaatskapsbrosjure.

22.3. Dat ek van mening is dat ek voldoen aan al die vereistes van Die Voortrekkers soos uiteengesit in die lidmaatskapsbrosjure.

22.4. Dat my naam nie ingevolge artikel 50(2) van die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede) no. 32 van 2007 in die Nasionale Register van Seksuele Oortreders opgeneem is nie.

22.5. Dat ek nie ingevolge artikel 120 van die Kinderwet, no. 38 van 2005 onbevoeg verklaar is om met kinders te werk nie.

22.6. Dat Die Voortrekkers homself die reg voorbehou om die nodige ondersoeke na sy lede te doen ingevolge die wette soos hierbo genoem.

22.7. Dat ek kennis neem dat ek my aan die bepalings van die grondwet, reglemente en standaardprosedures van Die Voortrekkers onderwerp en aanvaar dat daar toepaslik volgens die bepalings van Die Voortrekkers se reglemente, insake dissiplinêre optrede, opgetree kan word indien ek die beginsels daarvan of ander landswette oortree. Ek aanvaar dat ek in die uitvoering van my Voortrekkerverpligtinge gestuit kan word, indien daar na die redelike oordeel van die betrokke bestuursliggaam ondersoek ingestel moet word na my optrede, omdat dit dalk

daarop sou dui dat dit in stryd is met die grondwet, reglemente en standaard-prosedures van Die Voortrekkers.

22.8. Dat ek onderneem om jaarliks registrasiegeld, indien van toepassing, voor die sperdatum te betaal en by gebreke waarvan my lidmaatskap kan verval.

22.9. Dat ek hiermee Die Voortrekkers, al sy openbare amptenare, al sy verteenwoordigers en lede vrywaar teen aanspreeklikheid van enige eis om skade, uitgesonderd skade veroorsaak deur hulle growwe nalatigheid, hetsy gebaseer op geldelike verlies, uitgawes aangegaan in verband met sodanige skade, eise vir pyn en lyding, eise vir verlies aan toekomstige inkomste of watter ander aanspreeklikheid ook al, wat mag voortspruit uit een of meer van die volgende:

(a) dood of besering aan my as die persoon;

(b) verlies van eiendom van my as persoon terwyl ek betrokke is by enige aktiwiteit en/of reis op pad na of van enige perseel waar sodanige aktiwiteit aangebied word waarby Die Voortrekkers of enige van sy verteenwoordigers dit op enige vlak georganiseer het of by betrokke is.

22.10. Dat ek hiermee die gemagtigde verteenwoordigers van Die Voortrekkers wat in bevel mag wees tydens enige voorval waarin ek beseer mag word, magtig en aanstel om namens my en in my plek tot enige van die ondergemelde toe te stem indien ek, om welke rede ook al, nie daartoe in staat is nie en nie enige spesifieke naasbestaande beskikbaar is nie:

(a) chirurgiese of mediese prosedure en/of toediening van narkose wat nodig mag wees as gevolg van enige besering aan my persoon;

(b) die aangaan van mediese koste in verband met bogemelde en insluitend nood mediese afvoer.

22.11. Dat ek waarborg en bevestig dat ek self gemagtig is en die reg het om tot sodanige optrede in te stem en bekragtig enige optrede hierkragtens gedoen.

22.12. Dat ek onderneem om enige van die bogemelde koste ten opsigte van bogemelde op aanvraag te betaal en onderneem hiermee om Die Voortrekkers en/of enige van sy openbare amptenare en/of enige van sy verteenwoordigers te vergoed vir en vrywaar van enige koste wat in hierdie verband aangegaan mag word.

22.13. Dat ek bevestig dat enige mediese rekening direk aan my gestuur moet word en onderneem om alle koste in die verband op aanvraag te betaal.

22.14. Dat die inligting wat ek met registrasie verskaf het wel korrek is, en onderneem om deurlopend veranderinge van inligting deur te gee.

22.15. Dat ek die woonadres vermeld tydens registrasie kies vir doeleindes van enige kennisgewing aan my, voortspruitend uit enige aksie gedek deur hierdie dokument.

22.16. Dat ek myself deeglik vergewis het van die inhoud van hierdie onderneming en die lidmaatskapsbrosjure van Die Voortrekkers.